

Sondag 14 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 73

Fokusgedeelte: Psalm 73:28 (AFR83)

God is die antwoord op oënskynlike onreg

Psalm 73 is sekerlike een van die bekendste Psalms wat hierdie groot lewensraaisel beantwoord. Waarom seëvier die onreg in die wêreld? Ons almal wroeg op die een of ander stadium met hierdie vraag, veral as ons die samelewing van vandag om ons sien. Hoekom gaan dit so goed met die mense wat nie God ken nie, en net volgens hulle begeertes leef?

Die Psalmdigter maak sy hart oop teenoor die Here, hy praat reguit soos ons voel patykeer: “Ek kan maar net so wel soos die ongelowiges word, wat baat dit my om reg te probeer lewe?” Maar hy kom tot inkeer en besef dat hy God, homself en sy medegelowiges verloën. Tog kry hy nie dadelik ’n antwoord op die vraag nie. Eers wanneer hy die teenwoordigheid van God in sy lewe besef en beleef, kom die besef van domheid.

Hoe kan hy soos die goddeloses wil wees wat ver van God leef? Om by God te wees, is alles en alles in jou lewe is God! Lees die duidelike keuse wat hy maak in die fokusvers, kan jy deel in die oortuiging? Wanneer jy by God is en in Jesus is, kan jy onreg hanteer. Dan weet jy: “Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede” (Rom. 8:6). Wat kies jy?

Sing: Psalm 38-1:1, 15, 17

Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)